**Maandag 29 Augustus**
**Skrifgedeelte:Matteus 6:25-34**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:25-34**
**God se voorsienigheid en ons werk**

Die Bybel is nou maar eenmaal ’n boek wat ons in konteks moet lees. Sou ons hierdie mooi gedeelte net so uithaal, dan sou dit maklik kon lyk dat ons maar almal rustig op die bank sou kon sit, die Here sal mos sorg! Dis egter glad nie wat hierdie teks ons leer nie. Daarom is daar twee dinge wat ons mooi moet verstaan. Twee sake wat soos die twee spore van ’n treinspoor is:

Die een is dat die Here altyd soewerein is. Dit beteken God is altyd in beheer! Niemand kan Hom onttroon nie, niemand is hoër as Hy nie, God regeer. Matteus 6:30 sê dat die Here se regering ook nie losweg is nie, Hy regeer tot in detail – vir elke grassie, blommetjie en voëltjie. Daar is niks wat gebeur waarvan God nie weet nie. Hy het nog nooit sy soewereiniteit weggegee nie.

Die tweede is dat die Here ons ’n verantwoordelikheid gegee het. Matteus 6:25-34 gee ons nie ’n groenkaart vir luiheid nie. Trouens, Paulus skryf ook baie duidelik in 2 Tessalonisense 3:10-12 dat as iemand nie wil werk nie, dan moet hy/sy ook nie eet nie. Die feit dat God soewerein is, vat nie ons verantwoordelikheid weg nie. Dit beteken wel dat ek, in my nakoming van my verantwoordelikheid, die rustigheid, vrede en troos kan hê dat ek nie nét afhanklik is van myself nie, maar dat ek in alles in my Almagtige Vader se hande is.

Matteus 6 gee wel vir ons ’n opdrag oor hoe ons moet werk. Is my werk my god? Of is my werk iets wat ek doen tot die beste van my vermoë om ook so tot voordeel van God se Koninkryk te kan wees?

*Sing: Skrifberyming 20-1:2, 3*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*